## NIE-REGERINGSORGANISASIE

## KENNISGEWING 590 VAN 2016

### Kennisgewing

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM ’N KERNINSTALLASIETERREINLISENSIE INGEVOLGE REGERINGSKENNISGEWINGNO R.927 VAN 11 NOVEMBER 2011, REGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL 36, GELEES SAAM MET ARTIKEL 47, VAN DIE WET OP DIE NASIONALE KERNREGULEERDER, 1999(WET NO 47 VAN 1999) OOR LISENSIËRING VAN TERREINE VIR NUWE KERNINSTALLASIES

Kennis geskied hiermee dat Eskom (Edms) SOC aansoek gedoen het by die Nasionale Kernreguleerdeer (NKR) vir kerninstallasieterrreinlisensies vir die Thyspunt terrein en Duynefontein terrein onderskeidelik. Die Thyspunt terrein is geleë in die Oos-Kaap tussen die dorpe Humansdorp (noord), St Francisbaai (oos) en Oesterbaai (wes). Die naaste stad is Port Elizabeth geleë 80km na die ooste. Toegang tot die terrein word tans verkry deur die N2 nasionale roete by Humansdorp en dan via ’n grondpad na Oesterbaai. GPS koördinate:S 34° 10’ 424’’ E 24° 40’ 344’’.

Die Duynefontyn terrein is ’n bestaande kernterrein bestaande uit Koeberg Kernkragstasie, geleë op die plaas Duynefontyn No 1552 in die Stad Kaapstad, Kaapse Afdeling, Wes-Kaap. Dit is ongeveer 25km noord van Kaapstad en binne die Kaapse Distriksmunisipaliteit.

Ingevolge artikel 21(4) van die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, mag vertoë deur persone wat deur die toekenning van sodanige Kerninstallasieterreinlisensie geraak word, gerig word aan die Raad van die Nasionale Kernreguleerder binne 30 dae van die publikasiedatum.

Persone wat verlang om vertoë te rig aan die NKR kan -

1. Skriftelike kommentaar indien by die NKR
   a. Indiening van skriftelike kommentaar moet die NKR teen nie later as 30 dae na die publikasiedatum bereik nie
   b. Alle skriftelike kommentaar moet gerig word aan mnr Peter Bester: Spesiale Kernprojekte, Nasionale Kernreguleerder, Posbus 7106, Centurion 0046
   c. Afskrifte van skriftelike vertoë kan per hand afgelewer word by die kantore van die Nasionale Kernreguleerder, Blok G, Eco Glades Kantoorpark 2, Witch Hazellaan 420, Highveld Uitbr 75, Ecopark, Centurion, gemerk vir die aandag van mnr Peter Bester: Spesiale Kernprojekte
   d. Skriftelike vertoë kan ook via e-pos gestuur word aan NISLcomments@nnr.co.za
   e. Afskrifte van skriftelike vertoë kan ook per hand afgelewer word by die kantore van die Nasionale Kernreguleerder, Raatzweg 12, Delphi Arch Gebou,Table View 7441
2. Skriftelike kommentaar kan in enige van die amptelike tale wees.
3. Skriftelike kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

Die formele aansoek wat deur Eskom gemaak is, is beskikbaar op:

- NKR webwerf: www.nnr.co.za
- Eskom webwerf: www.eskom.co.za

Die toegangspunt vir die inligting is op die “New Build” landingsbladsy: http://www.eskom.co.za/Whatweredoing/New Build/Pages/New Build Programme.aspx

Die dokumente is beskikbaar op hulle eie bladsy: http://www.eskom.co.za/Whatweredoing/New Build/Pages/LicenceAppl.aspx